

2. LEEF: Matteus 20:20-28

VERWELKOMING:

5 MIN

YSBREKER:

20 MIN

Elke groeplid skryf 'n opdrag op 'n stukkie papier neer. Dit kan enige iets wees van “Staan op 1 been” tot “Fluit Psalm 100.” Al die papiertjies word in 'n houer gesit en geskommel. Elkeen kry nou 'n beurt om 'n papiertjie uit die houer te haal en die opdrag uit te voer – selfs al het hy/sy self die opdrag neergeskryf.

Groepbespreking

Is dit vir jou maklik of moeilik om 'n opdrag uit te voer?

AANBIDDING:

5 MIN

- Steek 'n kers aan as 'n simbool daarvan dat hierdie 'n spesiale tyd is, en dat julle as kleingroep nou bewustelik in God se teenwoordigheid kom.

- Bid die Ons Vader-gebed hardop saam. Maak seker dat die kinders ook by hierdie deel van julle byeenkoms saam met julle bid.

Ons Vader wat in die hemel is,
laat U Naam geheilig word,
laat U koninkryk kom,
laat U wil geskied – soos in die hemel, net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.
En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose.
Want aan U behoort die koninkryk, en die krag en die heerlijkheid tot in ewigheid. Amen

BYBELSTUDIE:

35 MIN

Lees Matteus 20:20-28. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

20 Toe kom die vrou van Sebedeus met haar twee seuns by Jesus en kniel voor Hom om Hom 'n guns te vra.

21 “Wat kan Ek vir u doen?” vra Hy vir haar.

Sy sê vir Hom: “Belowe my dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk langs U mag sit, een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.”

22 Toe antwoord Jesus: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die lydenskoper drink wat Ek gaan drink?”

“Ons kan,” antwoord hulle.

23 Jesus sê toe vir hulle: “Ja, my beker sal julle drink. Maar om aan my regter- en my linkerhand te sit, daarvoor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie my Vader dit gereed gemaak het.”

24 Toe die tien ander dissipels dit hoor, was hulle kwaad vir die twee broers. 25 Jesus roep hulle toe nader en sê:

“Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. 26 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot

wil word, moet julle dienaar wees; 27 en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. 28 So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- As jy die boodskap van hierdie gedeelte in een sin moet opsom, wat sal dit wees?
- “Maar by julle moet dit nie so wees nie.” Wat is dit wat by Christene nie moet voorkom nie? Hoe lyk dit vandag?
- As Jesus vandag met julle sou praat en sê: “In die wêreld is dit SO, maar by julle moet dit nie SO wees nie,” wat sal Hy alles by SO insit?
- Wat is die 3 grootstes in ons omgewing? Wat kan julle doen om te sorg dat dit onder ons nie so is nie?
- “’n Christen is IN die wêreld, maar anders as die wêreld.” Hoe sal julle dit aan kinders verduidelik? Hoe sal dit lyk in vandag se wêreld waar jy leef? Dink aan jou werk, jou ontspanning, jou vakansies, jou gesinslewe.



DIENSWERK:

5 MIN

Het julle groep al dienswerk by die kerk gedoen? Wat van ‘n skinkbeurt in die kombuis of kollekte opneem of selfs help met die nagmaalglasies was? Besluit waar julle dienswerk hier by die kerk tydens die volgende maand gaan lewe. Daar is nie werk hier by die kerk wat benede jou waarde is nie. Geniet jul dienswerk.

GEBEDSRIGLYN:

10 MIN

Gebruik by hierdie byeenkoms die vyf “afdelings” van gebed as ‘n riglyn vir julle saambid. Besluit vooraf wie gaan elke afdeling bid.

- lofprijsing (maak God groot vir wie Hy is)
- verootmoediging (vra dat die Here ons sal vergewe dat ons in die afgelope tyd soos die wêreld geleef het)
- Danksegging (dank God dat ons in Christus vergewe is, en dank Hom vir al die ander seën in ons lewe)
- smeking (ons bid vir onself – die gebedsversoeke van die mense in die kleingroep)
- voorbidding (ons bid vir ander – die nood van die wêreld; ander mense van wie ons weet)

ADMINISTRASIE:

5 MIN